

Volksmoord in Rwanda: Missiologiese opmerkings¹

J J Kritzinger

ABSTRACT

Genocide in Rwanda: missiological notes

The recent tragic events in Rwanda, a country generally regarded as "Christian", put the accomplishments of the church in its mission under question. Why didn't the church and the millions of Christians make a difference? Or did they? An introspective missiological analysis is done. What are the things that Christians elsewhere can learn from Rwanda? Aspects which are discussed are: the gospel and ethnicity; the gospel and revival; the gospel and ethics; the gospel and culture; the gospel and politics; the gospel and socio-economic development; and the gospel and land.

1 INLEIDEND

Rwanda in April 1994! Die krankinnige gemoor en angsbevange vlug van miljoene mense is nog vars in ons geheue. Beeldmateriaal van honderde lyke wat in die Akagerarivier afspoel na die Victoriameer vul ons nog met afgryse. 'n Halfmiljoen of meer mense is binne enkele weke afgemaai. 'n Miljoen en meer het in vlugtelingskampe in Zaïre en Tanzanië tereggekome. Nog meer het verdwaasd in die land rondgevlug, sonder heenkome. En dit alles in 'n land met skaars 8 miljoen mense.

Die ergste is dat Rwanda bekend staan as 'n "christelike" land, met sterk kerke, en 'n pragtige geskiedenis van herlewings. Dit bring ernstige vrae na vore. Wat was daar aan die gang? Waar was die christene? Wat het hulle gedoen? Watter soort christene is dit? En selfs: wat beteken die christendom as hy nie so 'n afgryse kan afweer nie?

Ek het hierdie vrae gevra, en antwoorde begin soek. Ek kan nie sê dat ek die antwoorde gekry het nie, want wie sal ooit so 'n menslike ramp kan verstaan? Tog meen ek dat hier 'n aantal missiologiese gesigspeunte na vore kom waarvan kennis geneem moet word. Rwanda² is dalk nie so 'n unieke land in Afrika nie.

2 DIE LAND

Rwanda lê in die “hart” van Afrika: ongeveer 1 000 kilometer vanaf die Indiese en 2 000 kilometer vanaf die Atlantiese kus; suid van Uganda, met Zaire in die weste, Tanzanië in die ooste, en Burundi ten suide. Dit is ’n mooi klein landjie (ongeveer so groot soos Lesotho en Swaziland), baie heuwelagtig, met talle mere. Aan sy westekant is die Virunga vulkaniese gebergtes, sedert die vroegste tye bekend as die “Berge van die Maan”, Ruwenzori, die tuiste van die berggorillas. Die aangename klimaat en vrugbare grond het veroorsaak dat hier die digste bevolking in Afrika saamgetrek het: 330 persone per vierkante kilometer, hoofsaaklik landelik. Dit is glo die hoogste persentasie wat in enige land ter wêreld by landbou betrokke is. Kigali, die hoofstad, is eintlik die enigste groterige dorp³. Die bevolking van ongeveer 8,7 miljoen (in 1995) groei teen een van die hoogste koerse naamlik 3,9% per jaar. Die intensiewe landbou het die grond uitgeput, slegs 3% van die aanvanklike bosbedekking is nog oor, en die gronderosie is erg. Hierdie feite spel armoede en sosio-ekonomiese probleme. Op die sogenaamde “human development rating” was Rwanda in 1992 nommer 133 van 160 lande⁴. In die jongste tyd neem VIGS ook epidemiese afmetings aan, en word reeds as die grootste oorsaak vir (natuurlike) sterftes in die land beskou.

Die bevolking van beide Rwanda en Burundi bestaan hoofsaaklik uit Hutus (in Rwanda was hulle ongeveer 88% van die bevolking, in Burundi sowat 83%), met die Tutsis as ’n sterk minderheid (sowat 10% in Rwanda, en 15% in Burundi). Verder is ongeveer 1% (25 000) Twa Pigmees, waarskynlik die oorspronklike inwoners, wat in alle opsigte aan die kortste end trek.

3 ’N OORSIGTELIKE GESKIEDENIS

Tot in 1962 was die Tutsis in die hele gebied die feodale heersers oor die Hutus. Hulle *Mwamis* (konings, daar was ’n paar in die gebied) het in werklikheid gegeld as die alleen-eienaars van die land. Die Hutus was ondergeskik, maar het deur die stelsel van *ubuhake* die Tutsis se vee kon benut, in ruil vir arbeid en ander dienslewering (die *uburetwa* sisteem). Die *Mwamis* het hul beheer deur ’n hierargie van hoofmanne uitgeoefen tot op die plaaslike *umusozi* (heuwel)⁵. Dit lyk asof die Tutsi beheer mettertyd ingesmelt het in die Hutu stamsisteem, sodat die etniese verskille grootliks uitgewis, en dieselfde taal en kultuur gedeel is. Daar was selfs ’n onderlinge mobiliteit. Hutus wat byvoorbeeld veebesitters geword het, is beskou as Tutsis⁶.

Die Berlynse konferensie van 1885, waar Afrika opgekerf is tussen die Europese moondhede, het die gebied aan Duitsland toegestaan, al sou 'n Duitser eers 9 jaar later vir die eerste keer sy voet daar sit. Die eerste Duitse regeringsverteenvoerder sou eers in 1907 by Kigali aankom. Die koloniale regering het ingeval by die bestaande stelsel van beheer deur die Tutsi *Mwamis*. Toe breek die Eerste Wêreldoorlog in die verre Europa uit. Namens die geallieerdes het die Belge die Duitsers in hierdie geweste aangevat, en in 1916 sonder slag of stoot uitgeboender. In 1919 word die gebied "Ruanda-Urundi" dus aan hulle toevertrou, 'n stap wat deur die Volkerebond in 1923 bevestig is.

Op 1 Julie 1962 word die twee gebiede, ten spyte van die pogings om hulle as 'n eenheid te behou, apart onafhanklik as Rwanda en Burundi. Die aanloop tot onafhanklikheid, en die politieke geskiedenis daarna, verloop, ten spyte van die ineengestremdeheid, tog baie anders. Wat hulle wel in gemeen het, is die telkens opvlammende stryd tussen die Hutu en Tutsi.

In Rwanda het sake min of meer soos volg verloop: Sedert die vyftigerjare het die Hutus groter magte begin eis. Anders as in Burundi het die Belge die regering gaandeweg uit die hande van die Tutsis geneem deur die *ubuhake* uit te faseer, sodat die beheer teen 1959 in die praktyk na die Hutus oorgegaan het⁷. In 1962 stem die bevolking oorweldigend vir die Hutu Kayibanda as president. Ongelukkig het president Kayibanda die historiese onderdrukking net omgekeer, en op allerlei wyses teen die Tutsis gediskrimineer. Tydens 1959-1964 het ernstige opstande uitgebreek, en is honderde duisende Tutsis uit die land gedryf. Teen 1965 was daar byvoorbeeld 400 000 in Uganda en 50 000 in Tanzanië woonagtig. Hierdie optrede teen die Tutsis het nie alleen internasionale druk op die regering van Kayibanda geplaas nie, maar ook die verhouding met Burundi (waar die Tutsis geheers het) versuur. Dit was dan ook een van die belangrikste redes waarom die kombinasie van die twee lande by onafhanklikheid op 1 Julie 1962 opgehef is⁸.

Gregoire Kayibanda het vanaf 1962 tot 1973 regeer, totdat Generaal-Majoor Juvenal Habyarimana die bewind in 'n militêre staatsgreep oorgeneem het. Dié kon egter ook nie die Tutsi uitgewekenes se vertroue wen en hulle weer na die land teruglok nie. Deur toenemende interne korrupsie in sy binnekring het hy buitendien ander Hutu groepe vervreem. Die eintlike stryd in die laaste jare - so word gesê - was eintlik 'n stryd van Hutu teen Hutu: die regerende noorde teen die suide.

Die duisende Tutsis, wat reeds vir 30 jaar in die buiteland gestrand was, het hulle egter vir die stryd voorberei. Toe 'n groep van hulle die

Rwanda Patriotic Front (RPF), die land in 1990 vanuit Uganda binnegeval het, was Habyarimana se posisie reeds verswak. Toe hy 'n akkommoderende standpunt teen die invallers inneem, het die groep Hutus wat teen hom was, in opstand gekom. Hy moes aan twee fronte veg, asook teen die internasionale druk wat hervormings geëis het. In Augustus 1993 is daar inderdaad 'n vredesooreenkoms gesluit. Tussen die Hutu ekstremiste (die "Koalisie vir die Verdediging van die Republiek"), wat haat aangeblaas het, en die Tutsi invallers, wat in niks minder as 'n magsoorname geïnteresseerd was nie, was langdurige vrede egter nie moontlik nie.

"For the Tutsi the strategy was perpetuation of the war until all territory had been conquered. In their view they were subverting what Gutierrez calls 'an order of injustice'. They were combating institutional violence in the 'dominant sectors' controlled by the old regime... For the Hutu it was self-defence against this political force determined to dominate and tear down the structures of established authority. Their logic was that of Hiroshima. To do such damage to civilian populations that the other side would give up their determination to dominate and stop their offensive. In Rwanda the pursuit for power, for avowedly just purposes, occasioned war: The pursuit of self-defence within that war occasioned genocide: Justification of war by both sides led down a slippery slope to an earthly hell"⁹.

Die dood van Habyarimana op 6 April 1994, toe sy vliegtuig geval (heelwaarskynlik afgeskiet) het, het egter die hel laat losbars. Terwyl die Tutsi invallers om 'n onvoorwaardelike oorgawe geveg het, het die Hutu ekstremiste honderde duisende Tutsis vermoor. Die "finale oplossing" vir hierdie mense was die uitroei van alle Tutsis. Die reaksionêre het die geweld fyn beplan. Die *interahamwe* ("hulle wat soos een man aanval"), 'n soort derde mag bestaande uit die ankerlose jeug, het met 'n moordveldtog begin. Dit is gedra deur 'n mediakampanje, wat alle Hutus opgesweep het teen die gevare van Tutsi oorheersing.

"Marauding bands of Hutu men armed with whistles, machetes and machine guns prowl the streets hunting for Tutsis. When they spot some suspect, the whistles are blown and the murderous mobs converge on the victim"¹⁰.

Die organiseerders van die volksmoord het gesorg dat feitlik alle Hutus mede-aandadig sou word. In 'n massahisterie het almal meegehelp om Tutsis uit te snuffel en te dood. Die etniese groepe was reeds so geïntegreer dat intieme kennis nodig was om Tutsi "vyande" te identifiseer. Dit is daarom ook as 'n "intieme moordveldtog" beskryf¹¹. Altesaam is seker

'n halfmiljoen mense (800 000 volgens De Waal) uitgeroei, en nog meer het die land uitgevlug¹². Drie groepe is uitgesonder: die Tutsigemeenskap; alle gematigdes - politici, mensereg-stryders en joernaliste; maar ook onafhanklike denkers¹³. Talle ander was egter maar net in die pad van die *interahamwe*.

Intussen het die Tutsi rebellemag onstuitbaar vanaf die noorde voortgeveg. Die Hutus se optrede het hulle saak bevorder, want hulle het internasionale simpatie (en hulp) begin kry. Hulle dreigende magsoorname het egter die volgende vloedgolf vlugteling tot gevolg gehad: Hutus wat verwag het dat dieselfde optrede teen hulle gevolg sou word. Die aankoms van meer as 1 miljoen vlugteling by Goma in Zaïre in Julie 1994 was "the largest and swiftest exodus we have ever witnessed", het die Verenigde Volke se kommissaris vir vlugteling gesê. Daar was 'n verdere 1,5 miljoen interne ontworteldes. Ongeveer 3 miljoen van die 8 miljoen Rwandese woon tans as vlugteling in kampe in die omringende Zaïre, Tanzanië, Burundi en Uganda¹⁴.

Die Tutsi rebelle het inderdaad beheer oorgeneem, maar Pasteur Bizimungu, 'n gematigde Hutu, as president aangewys. Die vraag was of die nuwe bewind weer die tafels sou omkeer. Die nuwe president het egter beslis verklaar dat daar genoeg gely is. Sy taak sou wees om 'n klimaat te skep sodat mense sou kon terugkeer en versoening kon begin. Ongelukkig het daar in April 1995 (en sedertdien) voorvalle in vlugtelingkampe plaasgevind wat die moontlikheid vir 'n vreedsame terugkeer van die Hutu vlugteling na hulle tuistes baie onwaarskynlik gemaak het. Vir baie is die stryd nie verby nie. Hulle rui hierdie vlugteling op tot aksie, en misbruik hulle lyding vir politieke doeleindes. Uganda en Zaïre tree ook al meer tot die konflik toe, omdat hulle self bedreig voel. Van die groot moondhede word verwag om massiewe hulpprogramme te loods, maar aan die ander kant is hulle baie skrikkerig om nog verdere foute in Afrika te maak. Baie sien Rwanda as maar net nog 'n bewys van die nutteloosheid om in Afrika betrokke te raak.

4 'N CHRISTELIKE LAND

Rwanda word as een van die mees "christelike" lande in Afrika (en die wêreld) gereken. Statistics gesproke identifiseer byna 80% van die bevolking hulle met die christendom. 'n Absolute meerderheid van die bevolking is Rooms-Katolieke, maar 'n sterk minderheid is Protestante¹⁵, baie daarvan met 'n sterk evangeliese inslag.

Die christelike sending het in 1900 begin toe die eerste Katolieke die gebied binnegekom het. Die werk het vanaf die staanspoor sterk gegroei.

Reeds in 1920 is die eerste vyf inheemse priesters gewy en teen 1950 was reeds 100 georden en het die eerste inheemse biskop die leiding geneem (1952). In die dertigerjare het 'n massabeweging na die Rooms-Katolieke Kerk plaasgevind, sodat meer as 1 000 per week gedoop is¹⁶. Teen die einde van die dertigerjare was 90 persent van die Rwanda hoofmanne reeds Katolieke, in 1946 het die koning amptelik die bekering van Rwanda tot die christendom aangekondig¹⁷.

Lutherse sendelinge het in 1907 die sendingwerk van die Protestante begin, in 1920 die Baptiste, en in 1922 die Anglikaanse Kerk. Naas hierdie grootste drie Protestantse Kerke, het ook ander kerke tot stand gekom. Meeste kerke gaan gebuk onder chroniese afhanklikheid van buitendonateurs. Ongelukkig is dit verder so dat hierdie sterk christelike gemeenskap teen die tyd van die krisis gekenmerk was deur 'n skerp verdeeldheid¹⁸. Elke groep het gespook om 'n posisie van mag en invloed ten koste van die ander te verwerf.

Bekend in christelike kringe is die sogenaamde Oos-Afrikaanse Herlewing. Dit het in die dertigerjare in die geleedere van die Anglikaanse Kerk te Gahini begin¹⁹, maar het wye invloed in Oos-Afrika gehad. Ook die Rooms-Katolieke is mettertyd daardeur beïnvloed. Die nawerking van die geestelike oplewing duur nog voort. Tog het die kerkwees in baie opsigte vervlak, iets wat op 'n traumatiese wyse tydens die jongste krisis na vore gekom het. Scheer, wat vir jare sendeling in Rwanda was, skryf:

*"On Sundays in Rwanda we used to see well-dressed neighbors walking to church on every road. Yet, last year these same neighbors slaughtered each other. I don't assume that all those walking to church were all walking in the steps of Christ, the Lord. But the committed minority of the church was significant, 5 percent of the population, and the influence of the church was strong in the lives of another 75 percent of the people. Why was there no moderation, no dampening - just hatred and fear, farming tools becoming weapons, neighbors cutting down each other as enemies?"*²⁰

Met die kerk wat so 'n oorweldigende deel van die bevolking verteenwoordig, is dit dus vanselfsprekend dat die volksmoord van April 1994 ook die kerk pynlik sou raak. Van die Katolieke Kerk is 106 priesters en 250 nonne gedood (ingeslote die aartsbiskop en twee biskoppe)²¹. Die proporsionele verliese onder die Protestante was dieselfde. Die oorgeblewe leierskap het die land uit gevlug.

Kerkgeboue het op verskeie plekke handige fasiliteite vir massamoorde gebied. Cassidy²² vertel van 'n besoek aan Ntarama, waar die kerkgebou netso gelaat is:

“The whole thing was unspeakable as we looked into the church, we saw the dreadful stenching remains, the clothes decaying and rotting, pieces of limbs here and there, skulls, either on the floor or on the altar, and other all gathered together on a shaded platform just outside the church...”

Die vrae bou op, vrae wat om (tentatiewe) antwoorde roep. So belangrik as wat die analise van die verlede is, so knaend is die vrae oor die toekoms: wat kan die rol van die kerk vorentoe wees?

5 MISSIOLOGIESE VRAAGSTUKKE

Die bespreking van die Rwandese tragedie lei uiteraard tot 'n kritiese blik op die rol van die kerke in die volkslewe. Dit gaan ek nie doen vanuit die hoogte nie, maar om 'n pynlike proses van selfondersoek te stimuleer. Die Rwandese gebeure werp 'n donker skaduwee oor die werk en resultate van die christelike sending.

“Scorn and pain - that is how many thinking, feeling Rwandans now view our churches in Rwanda. Do we have answers, or just excuses?”²³

Die soeklig val egter op die sending en die kerk op elke plek. Terwille van ons roeping as getuies vir Christus moet ons dringend aandag gee aan 'n aantal missiologiese temas wat vanuit die Rwandese situasie na ons toe kom²⁴. Hoe raak dit ons?

5.1 Evangelie en etnisiteit: versoening

Daar kan nie veel twyfel wees dat “tribalisme” (die “-isme” van etnisiteit) een van Afrika se grootste probleme is nie. By die eerste aanhoor van die verhaal hierbo lyk dit asof dit 'n illustrasie daarvan is. Die meeste waarnemers reduseer hierdie as 'n stryd tussen die Hutu en Tutsi stamme en dit is feitelik korrek. Toe kardinaal Etchegaray van die “Pontifical Council for Justice and Peace” Rwanda namens die Pous besoek het, het hy vir die vergaderde kerkleiers gevra: “Are you saying that the blood of tribalism is deeper than the waters of baptism”? Een het geantwoord: “Ja, dit is”²⁵. Vader Mbuy²⁶ waarsku teen “tribal idolatry”, iets wat in Afrika maklik aanklank kan vind, omdat daar elemente van die Afrika kommunaliteit is wat hiertoe aanleiding kan gee.

Ander maak egter 'n sterk saak daarvoor uit dat die hele kwessie van etnisiteit oorbeklemtoon word. So beweer Kolini²⁷ dat die feite van die saak is dat die konflik baie meer polities en ekonomies gegrond is²⁸.

Trouens, algemeen word die skuld van die etniese spanning op die rekening van daardie Westerse sendelinge, volkekundiges en historici geplaas wat die etniese eenhede “geskep” het waar dit nie was nie. Voor die koloniale tyd het die bevolking in harmonie geleef en het dieselfde taal en tradisies gedeel. Die Hutus was veral landbouers, en die Tutsis herders, maar hulle het mekaar aangevul. Die rasbewuste Europeërs het die sigbare verskille uiteindelik teruggevoer na ’n Hamitiese oorsprong van die Hutu en ’n Bantoe oorsprong vir die Tutsi. Die koloniale owerhede het mettertyd selfs identiteitsdokumente ingevoer²⁹. Die probleem, sê De Waal³⁰, is dat die bevolking hierdie leuen begin glo het, met “kriminele” gevolge³¹.

Wat intussen gebeur het, kan nie weggewens word nie. Maak nie saak hoe vals die basis was nie, die stryd het ’n etniese konnotasie gekry. ’n Kollektiewe geheue van etniese haat het opgebou. Die gewone mense het alle verskille oor die boeg van etnisiteit begin gooi. ’n Oorlog tot die dood toe het in 1990 aangebreek³².

Waar was die kerk? Het die veelgeroemde herlewing geen invloed op die gebeure kon uitoefen nie? Gatwa reageer:

“To some extent, the revival has broken the horrifying wall of racial separation which was growing between the missionaries and the Tutsi ruling class on the one side and the Hutu peasants on the other... In the years of ethnic violence 1959-61, 1972-73, the majority of the converts defended the lives of the threatened, gave them asylum, helped them escape, kept safe their properties. Even in 1994 where the process of genocide was so seriously organised, motivated and achieved, many individuals and groups sacrificed their lives to safeguard innocents. In Muhima, Kigali and Rugarika groups of converts have refused to separate while praying and have been killed together...”³³.

Dit lyk asof die Hutu en Tutsi christene hulle *koinonia* as christene waardeer en gevier het... maar (en dit is die probleem) die Hutus was bang vir die Tutsis as ’n volk, en die Tutsis het as ’n reël nie gedink dat die Hutus die bekwaamheid het om te kan regeer nie³⁴. Op persoonlike vlak is wonderlike verhoudinge opgebou, maar as groepe...

Gatwa erken: “We Rwandans, must understand that if discernment had been accompanied by courage and determination, we could have stopped the demonic plan before it became too late”³⁵. Die probleem daar (en elders, ook in Suid-Afrika³⁶) is dat die glibberige afgly na ’n etniese burgeroorlog te laat raakgesien is. Die kerk het te laat gewaarsku. Dit was reeds te laat toe die profete ontwaak het (indien hulle ontwaak het).

Vader Mbuy, wanneer hy die “Rwandan Nightmare” beskryf, sê:

"...but what is even more frightening is the realization that this may not be the worst yet, if we do not face the problem of ethnicity, tribalism and sectionalism openly. The Rwandan case may just be Act One of a long, repulsive melodrama. Perhaps we are sitting on time bombs and dormant volcanoes!"³⁷.

Etniese versoening is in Rwanda 'n sentrale saak. Daar moet egter gewaarsku word teen "goedkoop" versoening. Geregtigheid is net so sentraal. Hoe gemaak as 'n miljoen mense betrokke was by die moord op nog 'n miljoen³⁸? Watter rol sou die kerk kon speel? In die eerste plek, sê De Waal³⁹, sal die kerk 'n nuwe nasionale identiteit moet help kweek "that refuses to accept that Hutu and Tutsi are mutually antagonistic". Mbuy gee nog praktiese raad: werk aan die mense se gewete; kweek 'n soort groter Afrika-bewussyn ter versagting van die sterk etniese klem; bou aan die volgende geslag; en benut die Rwandese verhaal as 'n illustrasie van die aakligheid van etniese stryd⁴⁰.

5.1 Evangelie en herlewing: diepgang

Sedert die dertigerjare van hierdie eeu het 'n herlewingsbeweging oor Oos-Afrika gespoel. Daar is geen twyfel dat dit goeie vrugte gedra het nie. Iemand so sober soos Max Warren het in die angstige tyd van die Kikuyu opstande in Kenya verklaar: "It was the men and women of the Revival Fellowship who saved the Church"⁴¹. Waarom was dit nie nou so duidelik in Rwanda nie?

Die begin van die herlewing kan teruggevoer word na die verhouding tussen 'n blanke en swartman in hulle gebrokenheid voor God⁴². Die een belangrike spreuk uit daardie dae was: "the ground is level at the foot of the cross". Van die begin af is die etniese kwessie gekonfronteer deur 'n lewenswyse wat vloei uit die visie van Christus wat vir almal gesterf het. Twee van die kenmerke van die herlewing was (a) die veelrassige, veel-etniese spanne wat orals rondgegaan en getuig het van die nuwe lewe in Christus, 'n "fellowship of the unlike", en (b) die vernuwingsbyeenkomste waar diepe gemeenskap beoefen is⁴³.

Talle persone, van al die kerke, is grondig deur die geestelike herlewing verander, al het dit in die breër gemeenskap weerstande opgewek weens hulle verbreking van allerlei sosiale taboes⁴⁴. Tog: "As ethnic conflicts arose in East Africa at the time of independence it was often the revival brethren who had discovered a new identity 'in Christ' who stood firm..."⁴⁵.

Gatwa⁴⁶ getuig ook: "To some extent, the revival has broken the horrifying wall of racial separation which was growing between the

missionaries and the Tutsi ruling class on the one side and the Hutu peasants on the other... In the years of ethnic violence 1959-61, 1972-73, the majority of the converts defended the lives of the threatened, gave them asylum, helped them escape, kept safe their properties. Even in 1994 where the process of genocide was so seriously organised, motivated and achieved, many individuals and groups sacrificed their lives to safeguard innocents. In Muhima, Kigali and Rugarika groups of converts have refused to separate while praying and have been killed together...”.

Dit lyk dus asof ’n betekenisvolle broederskap binne die gemeenskap van die herlewings bestaan het. Maar waarom het dit nie groter effek in die openbare lewe gehad nie?

Die eerste stelling wat gemaak moet word, is dat die herlewings geïnstitusionaliseer geraak het. Die entoesiasme van die eerste beweging het oorgegaan in ’n vormgodsdienst. Die vure het laag begin brand⁴⁷.

“Rwandan spiritual development rarely progressed much past the initial point of conversion. The saved were called to be saved Sunday after Sunday...”⁴⁸.

Bekering is beklemtoon, maar dikwels ’n wettiese soort bekering van “no alcohol, no adultery and pay your tithe!” Daar was ’n tekort aan behoorlike lering. Getuienisse het meer aandag gekry as soliede prediking. Die neiging tot anti-intellektualisme onder die sendelinge het veroorsaak dat die kerkleiers nie genoegsaam gevorm is vir die uitdagings van die dag nie⁴⁹. Die tweede saak was die wêreldvreemdheid van die beweging. Baie van die sendelinge was afkomstig uit daardie konserwatiewe kringe in Europa waar die teologiese debatte gehandel het oor sake soos skrifgesag. Hulle fundamentalistiese gebruik van die Skrif, gekoppel met die piëtistiese erfenis, het veroorsaak dat hulle houding teenoor die samelewing gekenmerk is deur hulle onttrekking uit openbare lewe en hulle nuwe en onkritiese ondersteuning van die *status quo*. Hulle wou alle klem lê op evangelisasie en geestelike groei, en het hulle weerhou van enige betrokkenheid by of uitsprake oor openbare aangeleenthede⁵⁰. Die bekeerlinge was gevolglik onbeslae op die ys wanneer hulle met politieke spanninge te doen het. ’n Pragtige geestelike lewe, en ywer in kerklike sake, is dus nie noodwendig genoeg nie.

5.3 Evangelie en politiek: mag of diens

Die Rwandese geval bied vir ons ’n skoolvoorbeeld van die slaggate op die pad van “kerk en politiek”. As agtergrond kan ons die woorde van die destydse Amerikaanse ambassadeur Rawson aanhaal, wat uiteensit waaroor dit in die politiek van die land gegaan het:

“The conflict in Rwanda is in large part political - competition for control of the kingdom... a long history of authoritarian government, built on 400 years of divine monarchy and 60 years of colonial rule. Who ruled at the center got to determine who got land, who got privileges, who was where on the social ladder of dominance and subservience...”⁵¹.

Die begin van die sending (fase een) was toe hulle die veld saam met en op die hakke van die koloniale amptenare betree het. Die koloniale era het die lewe in hierdie hoek van die wêreld onomkeerbaar en ingrypend verander. Die sending was niks anders nie as die godsdienstige arm van die nuwe heersers. Tog het die sendelinge die uitgesproke beleid gehad van geen betrokkenheid by die politiek. Hulle sou slegs konsentreer op die geestelike werk⁵².

Ons, met die voordeel van ’n breër perspektief soos dit deur die inheemse mense beleef is, sien die belaglikheid van hierdie naïewe beleid. Ons besef nou dat die beleid van nie-betrokkenheid alleen die effek het om die politieke *status quo* te versterk. Selfs die effek van die herlewing het daarom net die verhoudinge tussen individue geraak. Die oorgelewerde onderdrukking van die Hutu deur die Tutsi het onaangeraak voortbestaan.

’n Tweede fase het egter gevolg. Gaandeweg is erken dat die situasie onregverdig was. Die minderheid het nie alleen regeer nie, maar ook die rykdom en middele vir (landbou) produksie beheer. Hulle is beïnvloed deur die ná-oorlogse ontwikkelinge in die teologie wat geleer het dat die kerk die roeping het om op te kom vir die onderdrukte. Die kerk (of belangrike dele van die kerk) het opgetree as die “stem van die stemlose” en die kant gevat van die meerderheid van hulle lidmate, die Hutus. Natuurlik het hulle internasionale steun geniet in hulle stryd teen die heersende klasse. Hulle het die sogenaamde morele hoë grond verteenwoordig. Uiteindelik was hulle suksesvol: ’n proses van hervorming het gelei tot meerderheidsregering van die Hutu.

Natuurlik het hulle in die proses vyande gemaak, want, soos Scheer sê, “loyalties in Rwandan culture were personal, not ideological... Parties were more like gangs. They divided the church”⁵³.

Maar veral het die kerk voordele behaal. Die verhouding met die owerhede was baie goed. Die kanale vir beïnvloeding was oop. Die kerk het ’n baie sterk rol gespeel. Om die waarheid te sê: dit was veral die kerkleiers wat beloon is:

“Leaders in the church used the close relationship to enhance their own power within the church hierarchy...”⁵⁴.

"In Rwanda a young man who wants to 'climb', to get ahead, will go to Bible school. Pastors have prestige and influence. They gain access to foreign money and government officials..."⁵⁵.

Dit het die derde fase ingelui: die kerk is uitverkoop aan die owerheid. Die bevoorregting het die kerk stilgemaak. Hulle kritiese politieke rol was verby. Hulle het deel geword van die "establishment": "Staying on the good side of the local mayor became as important as staying on the good side of God (sometimes more so). As the Rwandans put it, you don't throw stones at the milk bottle"⁵⁶.

Die opbouende rassehaat, die vervlakking van waardes, die korrupsie is nie profeties aangespreek nie. Die kerk het deel geword van die immorele regime. Trouens, die kerk het weer sy ou stelreël van nie-inmenging onthou. Hy het opgemerk hoedat hy mense vervreem het deur sy politieke optrede. "Politiek is te vuil vir die kerk", is gesê. Die kerk het weer begin om homself terug te trek in sy geestelike kokon (terwyl hy voortgegaan het om sy voorregte by die regering te geniet). In werklikheid kon hy dit oorweeg omdat "sy" politieke posisie geheers het.

Toe die druk van die rebelle al groter geword het, toe almal besef het dat 'n groot ramp op hande was, was die kerk nie in staat om iets te doen nie. Die toestand het totaal handuitgeruk. Emosies het geseëvier. Toe die hel losgebars het, was die kerkleiers nêrens nie. Honderde van hulle het wel hulle lewens verloor, maar toe die volk soos nooit tevore nie geestelike en morele leiding nodig gehad het, was die kerkleiers totaal gediskrediteer.

Die vierde fase het aangebreek toe die nuwe regering die bewind oorgeneem het. Die Tutsis onthou baie goed dat die kerk teen hulle kant gekies het. Nou ignoreer hulle die kerk. Almal praat nou oor die bevoorregte posisie wat die kerk onder die vorige bewind ingeneem het. Hulle verwag nie meer dat die kerk die welsyn van die land op die hart het nie. Hulle wonder watter draaie die kerk weer in sy eie belang gaan gooi. Nie alleen is die kerk deur die ramp van 'n leierskap ontnem nie, maar sy geloofwaardigheid sal baie moeilik herwin word.

Dit lyk van die uiterste belang te wees dat die kerk te alle tye sal besef dat politiek 'n magspel is. Die kerk moet altyd alleen op sy eie voorwaardes hierin betrokke raak. Die kerk sal altyd moet beweeg in die spanningsveld tussen betrokkenheid en die vryblywendheid van sy roeping. Dit is 'n ewige probleem dat die kerk geneig is om òf te onttrek, òf onvoorwaardelik betrokke te raak. Beide alternatiewe het sy teologiese rasionaal, maar ekself meen dat geen van die twee uiterstes aanvaarbaar is nie.

6 SLOT

Die rede waarom ek hierdie pynlike oefening aangepak het, is die vrees-aanjaende besef dat by ons ook genoeg faktore teenwoordig is om die potensiaal vir so 'n situasie te skep: die "Herrenvolk" ideologie is endemies; die magstryd tussen die meerderheid en verbete minderhede vlam elke nou en dan op; die erfenis van 'n verswakkende ekonomie wat sommige ryk en baie meer arm gemaak het; 'n verreikende vernietiging van sosiale strukture, ensomeer.

Dit is duidelik dat die kerk in Rwanda nie gereed was vir die gebeure nie. Hy het nie die rol gespeel wat verwag kon word nie. Nou is hy uitmekargejaag: honderde leiers en honderde duisende lidmate is dood en in die buiteland; sy geloofwaardigheid is baie laag; hy weet nie eers wat om te preek nie; hy vind dit moeilik om die spot te verduur van hulle wat sê dat die geloof tog tevergeefs was.

Die kerk verduur nou die spot, maar saam met die kerk van Rwanda is die christelike geloof in die beskuldigde bank: watter soort godsdiens is dit wie se volgelinge so optree⁵⁷? Die eerste vraag is dus: hoe kan die kerk gereed wees om sy ware roeping te vervul? Maar die dieper vraag is: waar is God in dit alles?

Mag die Here sy volk genadig wees.

NOTAS:

- 1 Hierdie artikel is 'n Afrikaanse verwerking van 'n referaat gelewer by die kongres van die Suider-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap (SAWS) in Januarie 1996.
- 2 Eintlik moet Rwanda nie in isolasie bespreek word nie, want die lot van Rwanda en Burundi is deur historiese en etniese bande heeltemal ineengestremel. Inderdaad is Burundi ten tyde van die skrywe hiervan eintlik die land waar die spanning aan die oplaai is en waaroor die media berig. Weens praktiese beperkings gee ek egter net verbygaande aandag aan Burundi. Baie van die opmerkings gaan hier ook geld.
- 3 Randall Fegley, (compiler), *Rwanda. World Bibliographical Series Vol 154*, Oxford 1993.
- 4 *Africa at a glance 1992*, Pretoria 1992.
- 5 Fegley, a w, xx.

- 6 William Lume, "The roots of Rwanda's war. Death on the road to democracy", *New Ground* (Spring 1994), 30; en Alex De Waal, "How could it happen? Rwanda's blood-guilt", *One World* 199 (October 1994), 4-6.
- 7 Hierin het die sending en sy skole wel 'n rol gespeel, omdat die Hutu gretig van die kerk gebruik gemaak en dié gaandeweg die kant van die "onderdrukte" meerderheid gevat het.
- 8 Fegley, *a w*, xxiii.
- 9 Rawson, in: Michael Cassidy, *Ruin and Resurrection in Rwanda. Being a diarised account of the African Enterprise citywide reconciliation mission in Kigali*, Rwanda: 23 July - 1 August 1995, Pietermaritzburg 1995, 14.
- 10 Lume, *a w*, 30.
- 11 'n "United Nations Children's Fund" (UNICEF) ondersoek het aangetoon dat die helfte van Rwanda se kinders getuies was van kinders wat ander kinders vermoor; meer as die helfte moes sien hoe gesinslede vermoor word; meer as 80% moes die bosse in vlug vir hulle lewe (Ecumenical News International).
- 12 Wolfgang Schoneche, "Rwanda's Message", *Mission Outlook* (October 1994), 1-6.
- 13 Tharcisse Gatwa, "Revivalism and ethnicity: the church in Rwanda", *Transformation* 12/2 (1995), 5.
- 14 Gatwa, *a w*, 5.
- 15 Patrick Johnstone, *Operation world*, Carlisle 1993.
- 16 David B Barrett (Ed.), *World Christian Encyclopedia*, Oxford 1982.
- 17 Gatwa, *a w*, 5.
- 18 Gatwa, *a w*, 5.
- 19 Kyk J E Church, *Quest for the highest. A diary of the East African revival*, Exeter 1981.
- 20 Gary Scheer, "Rwanda: where was the church?", *Evangelical Missions Quarterly* 31/3 (1995), 324.
- 21 "Churches and clergy remain targets in Rwandan slaughter", *REC News Exchange* 31/8 (1994), 2; and Hugh McCullum, "Rebuilding Rwanda. Reconciling", *One World* 204 (1995) 7.

- 22 Cassidy, *a w*, 69.
- 23 Scheer, *a w*, 328.
- 24 Daar is 'n groot verskeidenheid temas waaraan ons so behoort aandag te gee. Vanweë die beperkte spasie laat ek die volgende uit: evangelie en 'n nuwe lewe: etiek; evangelie en kultuur: kommunikasie; evangelie en ontwikkeling: bemagtiging en verantwoordelikheid; en evangelie en grond: die omgewing. (Kyk daarvoor 'n artikel van my te publiseer in *Missionalia*.)
- 25 John Martin, "Rwanda: why?", *Transformation* 12/2 (1995), 1.
- 26 Tatah H Mbuy, "The Rwandan nightmare: a source of great pain for the synod fathers", *African Ecclesial Review* 37/1 (1995), 54-55.
- 27 Emmanuel Kolini, "Towards reconciliation in Rwanda", *Transformation* 12/2 (1995), 12.
- 28 Vergelyk C M Overdulve, *Die Rwanda-tragedie. Waarom dit gebeur het en wat ons daaruit kan leer*, Potchefstroom 1995, 6,15. Overdulve 6 gee toe dat die probleem nie etnies is nie, maar wys tog daarop dat die groeiende oorheersing deur die Nyiginya-Tutsi groep algaande kroniese armoede en onderdrukking van die Hutu tot gevolg gehad het. Dit was veral die *uburenwa* stelsel van verpligte dienslewering aan die heerser wat mense verarm het. Die referendum van 25 September 1961 het die massa eindelijk die geleentheid gebied om hulle uit te spreek teen hierdie onderdrukking deur die Tutsi koning.
- 29 Gatwa, *a w*, 7.
- 30 André Karamaga, "De protestantse kerken en de Rwandese krisis", *Wêreld en Zending* 24/2 (1995), 74. Vergelyk ook Gatwa, *a w*, 18.
- 31 Kyk ook Serge A Desouter, "Tyangombe-rituelen als buffer tussen die magtigens en horigens in die oue Rwanda", *Wêreld en Zending* 24/2 (1995) 57-65. Desouter gee 'n voorbeeld van die wyse waarop etniese teorieë die orde versteur het. Die tradisionele Ryangombe rite het 'n mitiese rol gespeel in die verstaan van die eenheid van die Rwandese. Die koning, opvolger van Ryangombe, is geëer en bo die verskille verheer. Die koloniale owerhede - en die sending - het egter die rite teengestaan (elk vir sy eie redes). Teen 1957 het 'n aantal christelike intellektuele die rite 'n etniese kleur gegee met die opstel van 'n Hutu Manifest, waarin die ondergeskiktheid aan die (Tutsi) koning gekritiseer is. Dit het waarskynlik bygedra tot die opstand van 1959.
- 32 Die "Rwanda Patriotic Front" (RPF) het in volksmond bekend gestaan as die *Inkotanyi*, wat beteken: "hulle wat nooit opgee nie". Hulle kreet was: "Vir Kigeri sal ons oorwin of sterf, maar nooit oorgee nie!". Kigeri V was die laaste Mwami, die een wat in die referendum van 1961 uitgestem is. Vergelyk Overdulve, *a w*, 23.

- 33 Gatwa, *a w*, 6.
- 34 Scheer, *a w*, 326.
- 35 Gatwa, *a w*, 5.
- 36 Die toepassing van hierdie bespreking op Suid-Afrika is so duidelik dat dit nie uitgespel hoef te word nie. Dit pas nie alleen die apartheidsjare nie, maar ook die huidige.
- 37 Mbuy, *a w*, 50.
- 38 Iemand het uitgewerk dat dit waarskynlik 40 jaar sal neem om al die beskuldigdes in Rwanda volgens die Britse reg te verhoor. Met Amerikaanse regsprosedures sal dit 140 tot 200 jaar neem. Vergelyk Cassidy, *a w*, 71.
- 39 De Waal, *a w*, 6.
- 40 Mbuy, *a w*, 56-59.
- 41 Roger Bowen, "Revivalism and ethnic conflict: questions from Rwanda", *Transformation* 12/2 (1995), 16.
- 42 Church, *a w*. (Hierdie word beskryf in die aangehaalde werk van Church).
- 43 Bowen, *a w*, 13,15.
- 44 Kolini, *a w*, 13.
- 45 Bowen, *a w*, 16.
- 46 Gatwa, *a w*, 6.
- 47 Bowen, *a w*, 16.
- 48 Scheer, *a w*, 326.
- 49 Biskop Nsengiyumva van die Rooms-Katolieke Kerk verklaar met spyt dat daar eintlik van voor af begin moet word: "...the best catechists, those who filled our churches on Sundays were the first to go with machetes in their hands... we have sacramentalized... not evangelized them...". Vergelyk Bowen, *a w*, 16.
- 50 Bowen, *a w*, 16.
- 51 Bowen, *a w*, 16.

- 52 Overdulle *a w*, 12, beskryf 'n interessante debat aan die begin van die sending. Juis oor hierdie saak het Karl Röhl en Ernst Johanssen nie heeltemal saamgestem nie. Johanssen se “konserwatiewe” siening het egter geseëvier.
- 53 Scheer, *a w*, 326.
- 54 Rawson, *a w*, 322.
- 55 Scheer, *a w*, 325.
- 56 Scheer, *a w*, 326.
- 57 Rwanda is in 'n sekere sin net die aktuele voorbeeld. Dié met 'n goeie geheue sal weet dat daar 'n lang lys is van “christelike” lande (Suid-Afrika ingesluit) waar sub-menslike gebeure plaasgevind het.